



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ONTWERP

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 10 bladsye.

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e) VIR GRAAD 12 ONTWERP

1. VEREISTES: PAT-TAKE VIR ONTWERP

TAAK 1 (Kwartaal 1):	TAAK 3 (Kwartaal 2):	TAAK 5 (Kwartaal 3):
Praktiese Asseseringstaak (100)	Praktiese Asseseringstaak (100)	Proefeksamen Praktiese Taak (100)
Onderwerp 1: Beplannings- /Bronboek (50)	Onderwerp 1: Beplannings- /Bronboek (50)	Onderwerp 1: Beplannings- /Bronboek (50)
Onderwerp 2: Voltooide praktiese werk/produk (50)	Onderwerp 2: Voltooide praktiese werk/produk (50)	Onderwerp 2: Voltooide praktiese werk/produk (50)

Hierdie geïntegreerde praktiese take bied leerders die geleentheid om hulle praktiese, tegniese, teoretiese en navorsingsvaardighede te demonstreer; om probleme op te los en bewys te lewer van vernuwendes denke en insig.

2. BEPLANNING VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

Enige ondersteuningsmateriaal kan gebruik word wanneer die beplanning en voorbereiding vir Onderwerp 1 en Onderwerp 2 gedoen word.

Die voorbereiding en finale produk(te) behoort bewys te lewer van die toepassing van kennis van die teoriekomponent(e). Dit beteken dat die onderwyser kreatiewe praktiese projekte moet opstel wat verband hou met die teorie wat in Onderwerp 3 behandel is.

Voorbeeld: Ontwerp 'n herhalingspatroon vir 'n tekstiel wat die invloed van enige twee van die volgende Ontwerpbewegings/-style toon: Kuns en Handwerk ('Arts and Crafts'), Art Deco of Popkuns. Jou tema is: **Ontwerpgeskiedenis met 'n moderne inslag.**

In graad 12 behoort oop opdragte gegee te word, waar leerders die materiale, instrumente, tegnieke, temas en prosesse kies wat die beste by hulle persoonlike belangstellings pas. (Raadpleeg die idees in die aanbevole handboeke vir Ontwerp op die nasionale handboeklys en die KABV-dokument, bl. 15.)

Formaat van die praktiese take in Graad 12:

- **Kwartaal 1:** Praktiese taak – Ontwerp (ten minste EEN of meer voltooide werke) – kies uit verskillende dissiplines; raadpleeg KABV-dokument bl. 56 (100 punte)
- **Kwartaal 2:** Praktiese taak – Ontwerp (ten minste EEN of meer voltooide werke) – kies uit verskillende dissiplines; raadpleeg KABV-dokument bl. 56 (100 punte)
- **Kwartaal 3:** Proefeksamen Prakties – Ontwerp (ten minste EEN of meer voltooide werke) – kies uit verskillende dissiplines; raadpleeg KABV-dokument bl. 56 (100 punte)
- **Kwartaal 4:** Uitstalling van ten minste DRIE voltooide werke + Bronboek vir PAT'e gedurende Kwartaal 1, 2, 3 (Die uitstalling behoort ook die beste werk van Graad 11 in te sluit) + Navorsingsmodules (Kwartaal 1 en 2), asook die Finale Praktiese Eksamen.

KWARTAAL 1**Ontwerpgeletterdheid/Ontwerpgeskiedenis/Ontwerp in 'n
Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare Konteks: Onderwerp 3****Ontwerpgeletterdheid**

Die leerders moet geleer word hoe om ongesiene ontwerpe/werke (nie ontwerpers nie) te evalueer in terme van die toepassing van die beginsels en elemente van Ontwerp.

- Verstaan Ontwerpteorie en gebruik Ontwerpterminologie korrek (Aanbevole LOOM: *Design Basics*)
- Terminologie: 'n Woordelys van toepassing op Ontwerp.
- Universele beginsels van Ontwerp om bruikbaarheid te bevorder, indrukke te beïnvloed, aantreklikheid te verhoog, beter ontwerpbesluite te neem en deur ontwerp te onderrig. Kies enige VYF universele beginsels van Ontwerp. (Aanbevole LOOM: *Universal Principles of Design*, William Lidwell et al.)

Ontwerpgeskiedenis

Ondersoek, oordink en interpreteer inligting uit 'n verskeidenheid bronne wat invloede van regoor die wêreld, wat die ontwikkeling van ontwerp gevorm het, toon.

Die volgende lys van ontwerp bewegings wat in graad 10 en 11 behandel is, behoort hersien te word:

- Klassieke ontwerp (Grieks, Romeins, Goties, Renaissance en Barok)
- Die studie van die Kuns- en Handwerk ('Arts and Crafts')-beweging (1850–1910)
- Die studie van Art Nouveau (1890–1910)
- Die studie van De Stijl (1917–1931)
- Die studie van die Bauhaus (1919–1933)
- Die studie van die Art Deco-beweging (1925–1939)
- Die studie van die Modernistiese era (1932–1955)
- Die studie van Skandinawiese ontwerp (1950–nou)

Die volgende Postmodernistiese bewegings behoort in graad 12 behandel te word:

- Die studie van Pop (1958–1972)
- Die studie van Optiese (1965–1973)
- Die studie van Digitale (1970's–nou)
- Die studie van Postmoderne argitektuur en die Memphis-styl (1970–nou)
- Die studie van Dekonstruktivisme (1980's–nou)

Ontwerp in 'n Sosiokulturele/ Omgewings- en Volhoubare Konteks

- Verstaan en interpreteer tekens en simbole, stereotipering, partydigheid en vooroordeel in ontwerp.
- Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van die produkte, visuele beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra, wat stereotipes, partydighede en vooroordele uit die verlede of in die hede, versterk of uitdaag.
- Vorm waardeoordele wat deur 'n duidelike begrip van ontwerp ingelig is.
- Analiseer, interpreteer en oordink voorbeelde krities en hoe dit verband hou met kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.

Ontwerp in 'n Besigheidskonteks as deel van Onderwerp 1

- Stel 'n volledige en formeel gestruktureerde navorsingstaak of -aktiwiteit saam wat bewys toon van deeglike en samehangende beplanning en verwysingsvaardighede, en bied dit aan.
- Die fokus vir Kwartaal 1 sal op 'n basiese begrip van die bemaking van ontwerpprodukte wees wat gemik is op 'n spesifieke teikenmark deur die gebruik van verpakking en advertering as bemakingsinstrumente.

KWARTAAL 2**Ontwerpgeletterdheid/Ontwerpgeskiedenis/Ontwerp in 'n Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare Konteks: Onderwerp 3****Ontwerpgeletterdheid en Ontwerpgeskiedenis****INHEEMSE KENNISSTELSELS**

Bestudeer ten minste DRIE twee- en/of driedimensionele Suid-Afrikaanse en/of Afrika-handwerkontwerpe, van die hede en uit die verlede (wat **handwerksentrums** en **gemeenskapsprojekte** mag insluit).

Ontwerp in 'n Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare Konteks

Demonstreer begrip van die maniere waarop inheemse ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, etiese, omgewings- en volhoubare kwessies te versterk of te bevraagteken deur middel van die suksesvolle gebruik van byvoorbeeld tekens en simbole, stereotipering, partydigheid en vooroordeel in ontwerp.

Ontwerp in 'n Besigheidskonteks as deel van Onderwerp 1

- Die fokus vir Kwartaal 2 sal op loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline wees: strekking, omvang, opleiding benodig, beskikbare opleiding en hoe om vir 'n werk aansoek te doen.
- Enige **EEN** bekroonde Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpagentskap/kreatiewe direkteur behoort bestudeer te word. (Gebruik Ontwerptydskrifte, byvoorbeeld: *Financial Mail*, *ADFOCUS*.) Dit kan enige van die volgende wees: Agentskap van die jaar of Media-agentskap van die jaar of Agentskapprofiel.
- Navorsing wat bewys lewer van samehangende beplanning en verwysingsvaardighede ten opsigte van loopbane en tersiêre geleenthede in Ontwerp, behoort saamgestel en aangebied te word. Dit kan deur middel van 'n uitstappie of relevante visuele materiaal in die klas plaasvind.

KWARTAAL 3**Ontwerpgeletterdheid/Ontwerpgeskiedenis/Ontwerp in 'n Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare Konteks: Onderwerp 3****Ontwerpgeletterdheid en Ontwerpgeskiedenis**

- 'n Kort historiese oorsig van argitektuur deur byvoorbeeld 'n vergelyking tussen die klassieke amfiteater en die kontemporêre sokkerstadion, of die klassieke forum en die kontemporêre inkopiesentrum, of die Romeinse baddens en die modern akwatiese sentrum, volgens die omgewing, kenmerke, funksie, behoeftes en gebruike, en materiale wat gebruik is.
- Geboue van mag en identiteit, van plesier en handel kan gebruik word vir klasbespreking.

Ontwerp in 'n Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare Konteks

Demonstreer begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp deur **DRIE** kontemporêre nie-Suid-Afrikaanse bekroonde ontwerpers te bestudeer – elkeen uit 'n ander Ontwerpkategorie. Die volgende ontwerpers en ontwerpkategorieë word voorgestel: Ron Arad (Industriële Ontwerp); Thomas Heatherwick (Argitektuur); Tokujin Yoshioka (Interieurontwerp/Binnenshuise Ontwerp); internasionaal erkende Mokena Makeka (Argitektuur) onder andere.

3. HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word benodig vir die implementering van die PAT:

Bronboek of werkboek (A3-grootte word voorgestel):

- Alle Onderwerp 1-voorbereiding en -beplanning sal in hierdie boek gedoen word
- Ondersteuningsmateriaal waarna verwys word in die Ontwerphandboeke wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys goedgekeur is
- Ontwerp in 'n Besigheidskonteks-navorsingsmodules
- Literatuur/Artikels/Tekste:
 - Woolworths-bronboek oor Ontwerp
 - Basiese beginsels van ontwerp in een van die aanbevole boeke
 - Gevallestudies en aktiwiteite in Ontwerp

Toerusting:

- Al die vereiste toerusting of instrumente vir die praktiese werk wat deur die skool gekies is
- Relevante boeke oor die gebruik van toerusting en tegnieke wat in Ontwerp gebruik word
- Kamera om foto's te neem van werk in wording, asook die finale produk
- Sekuriteitstelsel en toesluithekke

Fasiliteite:

- Groot klaskamer
- Die nodige gereedskap en toerusting
- Stoorkamer vir praktiese werk

'n Bronboek of Werkboek (A3-grootte word voorgestel)

Die voorbereidingswerk (Onderwerp 1) wat onderneem is voor die produksie- of maakproses, behoort die volgende in te sluit:

- Voorneme en rasionaal van die opdrag. (Dit kan in die vorm van 'n breinkaart, visuele aanbieding, ensovoorts wees.)
- Bewyse van navorsing, eksperimentering en nabetraging. Dit sluit vrugbare idees/ontwikkelingskonsepte (byvoorbeeld klein sketse/"thumb-nail sketches", buiborde/"mood boards", ensovoorts) in.
- Bewyse van gedetailleerde beplanning wat met die Ontwerpopdrag verband hou. Die beplanning kan een of meer van die volgende behels: storieborde, sketse, konseptuele tekeninge, tonale tekening(e), "scamps", maket(te) of ander 3D-prototipes wat met die finale konsep verband hou.
- Bewyse van die voorgestelde tekenprogram
- Die Ontwerp in 'n Besigheidskonteks-navorsingsmodules.
- Werk wat netjies aangebied is

Assesseringsvereistes vir Onderwerp 1 en Onderwerp 2

Elke PAT moet 'n assesseringsblad met die volgende inligting bevat:

Die assesseringsvorm (ontwerp deur die onderwyser) moet op so 'n wyse opgestel wees dat die onderwyser/moderator die volgende inligting kan kry:

- Kandidaat se naam, van, eksamennommer, eksamensentrum en naam van die skool
- Die tema en tydstoedeling om die produk te voltooi
- Die projekinligting, wat die volgende insluit:
 - Hoeveel beplanning gedoen is: onderwyseraktiwiteite, leerderaktiwiteite
 - Materiaal(e)
 - Grootte
 - Tegniek/Metode/Proses/Ontwikkeling
 - Bronne gebruik (LOOM)
 - Wie verantwoordelik was vir assessering
 - 'n Rubriek wat al die assesseringskriteria baie duidelik stel, asook die evalueringskaal
 - Indien 'n kontrolelys gebruik word, moet dit kommentaar van die onderwyser en leerder ook toon
 - Die handtekening van die onderwyser en die moderator moet langs die finale punt/summatiewe persentasie verskyn
 - Kontakbesonderhede van die skool en die onderwyser, asook die moderator

Die onderwyser behoort die volgende bronmateriaal in die klaskamer te hê:

LOOM (afhangende van verkrygbaarheid):

- Enige van die handboeke wat deur die Nasionale Departement goedgekeur is
- Enige ontwerptydskrif, byvoorbeeld *House and Leisure*, *World of Interiors*, *Visi*, *Elle Deco*, ensovoorts.
- Artikels op internetwebblaaie, byvoorbeeld DESIGN>MAGAZINE en DESIGN>EDUCATION en <http://www.ccdi.org.za/newsletter-registration>, die aanlyn ontwerp publikasies
- *Craft Art in South Africa* (Elbe Coetsee)
- *Design Basics* (David A Lauer)
- *Design Culture Now* (Steven Skov Holt)
- *Inspiring – a sourcebook – designers* (Paul Rodgers)
- *Paperwork and more paperwork* (Nancy Williams)
- Pepin Press, vir boeke oor verpakking, konstruksie, en tekstiel- en patroonontwerp
- Die Taschen-reeks ontwerpboeke bekend as Taschen 25, byvoorbeeld *Signs*, *1 000 Chairs*, *Packaging design now!*, *1 000 record covers*, *Design of the 20th century*, *Sixties designs*, *The world of ornaments*, *Architecture now!*, *Fashion: a history from the 18th to the 20th century*, *Art Nouveau*, *Indian style*, *Mexican style*, ensovoorts
- *The New Design Source Book* (Penny Sparke et al.)
- Woolworths se *Making The Difference Through Design Daily*-bronboek

ASSESSERING

Belangrike inligting vir die leerder ten opsigte van die assesseringsinstrumente wat die onderwyser gebruik:

Leerders behoort altyd bewus te wees van die assesseringskriteria vir elke gegewe taak. Dit stel die leerder in staat om presies te doen wat verlang word. Dit laat ook toe dat die leerder die beste punte behaal:

- Teken akkuraat aan, gebruik die korrekte vakterminologie en toon beplanningsvaardighede.
- Toon begrip vir die ontwerpproses en dink oor eie vordering na.
- Demonstreer die vermoë om die aangeleerde vaardighede en materiaal in die bronboek en finale praktiese voorbereiding toe te pas.

Wanneer daar aan die bronboek of werkboek gewerk word, moet die leerder aandag aan die volgende kriteria gee:

Uitdrukking van voorneme en rasionaal/konsep	10
Bewyse van navorsing, eksperimentering en nabetrugting	10
Bewyse van gedetailleerde beplanning, tekenvaardighede en aanbieding	10
Bewyse van finale tekening/collage/maket wat met die finale konsep verband hou	10
Navorsing: Ontwerp in 'n besigheidskonteks	10
SUBTOTAAL	50

Wanneer 'n produk of praktiese taak voltooi word, sal die leerder oor die volgende aspekte geassesseer word: (Neem kennis van die gewigswaarde en puntetoedeling.)

Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossings wat met die opdrag verband hou	10
Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: die gepaste gebruik van ontwerpelemente en -beginsels	10
Tegniek/Vakmanskap/Metode	10
Voltooiing van werk/tydsbestuur/bewyse van volle benutting van beskikbare tyd	10
Professionele aanbieding en funksionaliteit van die ontwerpoplossing	10
SUBTOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL (Afdelings A en B):	100

4. ASSESSERINGSINSTRUMENTE

Die volgende is 'n moontlike assesseringsinstrument/evalueringskaal vir die assessering van óf die bronboek/voorbereiding/proses (Onderwerp 1) óf die finale produk (Onderwerp 2).						
Ontoereikend 0–29%	Basies 30–39%	Matig 40–49%	Voldoende 50–59%	Beduidend 60–69%	Verdiensielik 70–79%	Uitstekend 80–100%
Die leerder kan nie akkuraat aantekeninge maak , of die geskikte woordeskat/tekening-/beplanningsvaardighede gebruik volgens die ontwerpdrag nie.	Die leerder se aantekeninge en gebruik van taal/tekening-/beplanningsvaardighede is ontoereikend volgens die ontwerpdrag.	Die leerder se aantekeninge is voldoende en hy/sy het beperkte begrip van kreatiewe taal/tekening-/beplanningsvaardighede volgens die ontwerpdrag.	Die leerder se vermoë om aantekeninge te maak is bevredigend , en begrip van kreatiewe taal/tekening-/beplanningsvaardighede is konsekwent volgens die ontwerpdrag.	Die leerder toon 'n vermoë om akkuraat aantekeninge te maak en gebruik sekere kreatiewe taal/tekening-/beplanningsvaardighede op akkurate wyse volgens die ontwerpdrag.	Die leerder maak goeie aantekeninge en gebruik die kreatiewe taal/tekening-/beplanningsvaardighede konsekwent en korrek volgens die ontwerpdrag.	Die leerder maak volledige, akkurate aantekeninge en het die gebruik van kreatiewe taal/tekening-/beplanningsvaardighede bemeester volgens die ontwerpdrag.
Die leerder toon geen begrip van die relevante ontwerpprosesse nie , en kan nie sy/haar eie vlak van ontwikkeling oordink nie.	Die leerder verstaan die ontwerpprosesse slegs gedeeltelik , en denke oor eie sy/haar vlak van ontwikkeling is onvoldoende.	Die leerder het 'n beperkte begrip van die ontwerpprosesse, en kan redelik sy/haar eie vlak van ontwikkeling oordink.	Die leerder het 'n bevredigende begrip van die ontwerpprosesse en kan soms sy/haar eie vlak van ontwikkeling oordink.	Die leerder het 'n redelike begrip van die ontwerpprosesse en kan, op toepaslike wyse, sy/haar eie vlak van ontwikkeling oordink.	Die leerder het 'n goeie begrip van die ontwerpprosesse en kan sy/haar eie vlak van ontwikkeling akkuraat oordink.	Die leerder het 'n uitstekende en volledige begrip van die ontwerpprosesse en het uitsonderlike insig in sy/haar eie vlak van ontwikkeling.
Die leerder kan nie vaardighede aanwend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling nie .	Die leerder kan slegs gedeeltelik vaardighede en materiaal aanwend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.	Die leerder kan, binne perke, aangeleerde vaardighede en materiaal aanwend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.	Die leerder kan bevredigend aangeleerde vaardighede en materiaal aanwend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.	Die leerder toon vermoë om aangeleerde vaardighede en materiaal aan te wend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.	Die leerder kan aangeleerde vaardighede en materiaal goed aanwend vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.	Die leerder toon diep insig in die aanwending van aangeleerde vaardighede en materiaal vir sy/haar eie verdere ontwikkeling.

LET WEL: Die bronboek word elke kwartaal nagesien uit 'n punt van **50**.

'n Voorbeeld van die summatiewe punttoekenning vir Leerder A mag 58% wees, wat **29 uit 50** is.

Die onderwyser sal dan die punt dienoreenkomstig aanteken.

VASGESTELDE KRITERIA	Ontoereikend 0–29%	Basies 30–39%	Matig 40–49%	Voldoende 50–59%	Beduidend 60–69%	Verdiensielik 70–79%	Uitstekend 80–100%
Ontwerpelemente: toonwaardes, kleur, vorm, tekstuur, stippel/lyn (20)	Die leerder kan nie die ontwerp-elemente bevoeg gebruik nie.	Die leerder gebruik die ontwerp-elemente gedeeltelik.	Die leerder het 'n beperkte begrip van die ontwerp-elemente.	Die leerder het 'n bevredigende begrip van die ontwerp-elemente.	Die leerder het 'n redelike begrip van die ontwerp-elemente.	Die leerder het die ontwerp-elemente bevoeg gebruik en het goeie begrip daarvan.	Die leerder het die ontwerp-elemente met algehele bevoegdheid gebruik.
Ontwerpbeginsels Komposisie: beklemtoning/fokuspunt, balans, kontras, eenheid/afwisseling,proporsie/skaal, ritme, ruimte (20)	Die leerder kan nie die ontwerp-beginsels bevoeg gebruik nie.	Die leerder gebruik die ontwerp-beginsels gedeeltelik.	Die leerder het 'n beperkte begrip van die ontwerp-beginsels.	Die leerder het 'n bevredigende begrip van die ontwerp-beginsels.	Die leerder het 'n redelike begrip van die ontwerp-beginsels.	Die leerder het die ontwerp-beginsels bevoeg gebruik en het begrip daarvan.	Die leerder het die ontwerp-beginsels met algehele bevoegdheid gebruik.
Interpretasie kreatiwiteit, oorspronklikheid, konseptualisering, tema (20)	Die leerder toon geen begrip van die opdrag nie.	Die leerder verstaan die opdrag slegs gedeeltelik.	Die leerder het 'n beperkte begrip van die opdrag.	Die leerder het 'n bevredigende begrip van die opdrag.	Die leerder het 'n redelike begrip van die opdrag.	Die leerder het 'n goeie begrip van die opdrag.	Die leerder het uitstekende en/of algehele begrip van die opdrag.
Gebruik van tegniek en media (20)	Die leerder kan die media slegs gedeeltelik aanwend.	Die leerder kan, binne perke , die media aanwend.	Die leerder kan die media bevredigend aanwend.	Die leerder het die vermoë om die media aan te wend.	Die leerder kan slegs gedeeltelik die media aanwend.	Die leerder kan die media goed aanwend.	Die leerder toon diep insig in die aanwending van die media.
Aanbieding, professionalisme en funksionaliteit (20)	Die leerder toon geen begrip van professionalisme en funksionaliteit nie.	Die leerder verstaan professionalisme en funksionaliteit slegs gedeeltelik.	Die leerder het 'n beperkte begrip van professionalisme en funksionaliteit.	Die leerder het 'n bevredigende begrip van professionalisme en funksionaliteit.	Die leerder het 'n redelike begrip van professionalisme en funksionaliteit.	Die leerder het 'n goeie begrip van professionalisme en funksionaliteit.	Die leerder het uitstekende en/of algehele begrip van professionalisme en funksionaliteit.

6. MODERERING VAN DIE FINALE PRAKTIESE EKSAMEN

ALGEMEEN:

Die PAT'e vir die eerste twee kwartale en die praktiese proefeksamen in die derde kwartaal sal deur die onderwyser van die vak opgestel word. Dit sal ekstern gemodereer word aan die einde van die jaar, saam met die finale eksamenwerk. Interne moderering sal in al die provinsies plaasvind. Skole of provinsies moet hul eie groep-/klustervergaderings reël om die praktiese werk te modereer. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die eksterne moderering van die PAT'e en eksamenwerk.

LET WEL: Die maksimum duur van die hele praktiese eksamenproses sal op die nasionale praktiese Vraestel 2 aangedui word. Elke provinsie sal die nasienproses van Onderwerp 1 (bronboek/proses) en Onderwerp 2 (finale produk) bepaal. Skole sal, waar van toepassing, deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en lokaal vir die inhandiging van die werk by eksamensentrums.

Kriteria vir die Finale Praktiese Eksamen:

PROSES (Onderwerp 1)

Uitdrukking van voorneme en rasionaal	10
Bewyse van navorsing, eksperimentering en nabetrugting	10
Bewyse van gedetailleerde beplanning en aanbieding ten opsigte van die finale konsep	30

PRODUK (Onderwerp 2)

Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossings verwant aan die opdrag	10
Bewyse van ontwerpbetrokkeheid: die geskikte gebruik van die elemente en beginsels van ontwerp	10
Tegniek/Vakmanskap/Metode	10
Die ontwerpoplossing moet bewyse toon van ten minste 12 uur se werk onder beheerde omstandighede	10
Professionele aanbieding en funksionaliteit van die ontwerpoplossing	10

Ten slotte, aan al die leerders wat die vak Ontwerp neem:

- Wees kreatief, geniet wat jy doen en gebruik die regte gereedskap, toerusting of metode/tegnieke wanneer jy skep.
- Tyd is 'n faktor wanneer jy die praktiese werk doen, moet dit dus nie mors nie, anders sal jy onvoltooide werk moet inlewer.
- Die teorie- en geskiedenis-komponent is baie belangrik, leer dus om goed te kommunikeer of om goeie estetiese en funksionele ontwerpprodukte te verkoop.